Maandag **19 Augustus**
**Skrifgedeelte: Maleagi 1:6-14**
**Fokusgedeelte: Maleagi 1:6**

**Die Here eis sy eer op**

As gereformeerde gelowiges weet ons dat die eer van die Here in alle dinge gesoek moet word. Die vraag: “Hoe kry God sy eer?” staan in die sentrum van die gelowige se lewe. In die tyd van Maleagi wil die Here die saak met sy volk uitmaak oor sy eer, want dit het in hulle daaglikse bestaan duidelik geword dat hulle sy eer nie meer voorop stel nie.

Die feit is dat alle eer God toekom. Die eer van die Here moet erken word in die feit dat Hy die skepper van alle dinge is, dat Hy as Koning oor alle dinge regeer en dat Hy die Vader is wat sy kinders in sy goedheid versorg. Ons het nou die roeping om die Here te erken as die Een wat alle eer te alle tye toekom.

Die hartseer feit is egter dat die volk van die Here Hom nie die eer en erkenning gegee het wat Hom alleen toekom nie. Hulle het nie ag gegee op die manier waarop die Here homself aan hulle bekendgemaak het nie. Dit het duidelik geword in die manier hoe hulle die Here aanbid het en die offers wat hulle met medewete van die priesters gebring het. Die eer van die Here is nie net ontneem deur ongehoorsaamheid nie, maar deur ’n louheid in hulle aanbidding en offerdiens. Die doel van die offers was juis om die eer en die heerlikheid van die Here sigbaar te maak, maar wanneer ons in geestelike louheid verval word God van sy eer beroof.

Waar die eer van die Here skade aangedoen word, sal Hy egter sy eer herstel. Dit word duidelik in die soenverdienste van ons Here Jesus Christus. Deur sy sterwe aan die kruis het Hy vir ons die versoening van al ons sondes bewerk sodat ons met ons Vader versoen is.

Nou het ons die roeping om hierdie evangelie van versoening uit te dra sodat die heerlikheid en die eer van die Here oor die hele aarde bekend sal word. Eindelik sal elke knie voor Hom buig en Hom alleen dien en verheerlik.

*Sing: Psalm 146-1:1, 6*

*Dr. C (Christiaan) Jooste (Waterberg)*